Afrikanergeskiedenis

"Ook 'n volk moet 'n siel hê, anders is hy niks meer nie as 'n geografiese uitdrukking, 'n vormlose, doellose en karakterlose versameling en 'n prooi van elke wind wat waai"
- Die Groot Trek Gedenkuitgawe van Die Huisgenoot – Desember 1938

Doelwit: *Om die Verkenner 'n beter begrip te gee van hoe die Afrikanervolk ontstaan het.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Met die spesialisasie word aandag gegee aan Afrikanerskap en die sterk Christelike inslag wat die Afrikaner nastreef. Daar word ook aandag gegee aan die ontwikkeling van die Verkenner se Afrikanerskap deurdat hy meer kennis opdoen oor die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikanervolk.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	3 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• 'n Werkstuk moet gedoen word. • 'n Gedenkwaardigheid, monument of historiese terrein wat van belang is in die Afrikanergeskiedenis moet besoek word. • Lewer diens by, of 'n praatjie/skyfiereeks oor, die betrokke plek. • 'n Visuele item moet aangebied word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *'n Tydperk of aspek in die Afrikaner se geskiedenis, byvoorbeeld Anglo-Boereoorlog, Groot Trek, Simboliese Ossewa- trek, ensovoorts, identifiseer en 'n geïllustreerde werkstuk met 'n bronnelys daaroor maak. Die werkstuk moet die volgende insluit:*
   - *1.1 Prominente persone uit die tydperk asook hulle rol en betekenis.*
   - *1.2 Relevante foto's en/of beeldmateriaal ter illustrasie.*
   - *1.3 'n Lys van (ten minste **vyf**) nasionale gedenkwaardighede, monumente of historiese terreine wat betrekking het op die gekose tema.*
   - *1.4 'n Kort paragraaf oor **twee** van bogenoemde plekke.*
   - *1.5 Die relevansie van die betrokke tema vir die Afrikanergeskiedenis.*
2. ***Een** van die betrokke plekke besoek en 'n diens daar lewer (soos byvoorbeeld opknapping, herstelwerk, behulpsaam wees by gedenkbyeenkomste of kultuuraande). Die beheerliggaam van die plek moet in die saak geken word indien 'n diens daar gelewer word. Alternatiewelik kan Verkenners 'n praatjie of 'n skyfiereeks lewer oor die betrokke plek.*
3. *'n Visuele item uitwerk om deur middel van die Afrikaanse woord en lied die gebeure, wat by die betrokke plek in herinnering geroep word, te herdenk. Sodanige item moet by 'n kultuuraand of ander soortgelyke geleentheid aangebied word.*

WENKE
- *Inligting kan ook verkry word deur middel van mondelinge oorlewering.*
- *Die item kan in Voortrekkerverband aangebied word of by 'n wyer program ingeskakel word, byvoorbeeld 'n volksfeesprogram of kultuuraand.*